## Tydsvorme

Ons onderskei tussen drie tye in Afrikaans.

| | |
|---|---|
| **Teenwoordige tyd:** | Tieners **dans** die hele aand. (hoofwerkwoord) |
| **Verlede tyd:** | Tieners **het** die hele aand **gedans**. |
| **Toekomende tyd:** | Tieners **sal** die hele aand **dans**. |
| **Teenwoordige tyd:** | Die wals **is** ’n gewilde dans. (werkwoord = is) |
| **Verlede tyd:** | Die wals **was** ’n gewilde dans. |
| **Toekomende tyd:** | Die wals **sal** ’n gewilde dans wees. |

### Wenke

Wanneer die werkwoord **het** in die V1-posisie is, bly dit in die verlede tyd in die V1-posisie en **gehad** word in die V2-posisie geplaas. Hierdie **het** dui **besitting** (*possession*) aan, bv. Tumi **het** dansskoene. Tumi **het** dansskoene **gehad**.

### Ken die woorde

hard – *hard (opposed to soft)*
moeilik – *hard (opposed to easy)*
ingewikkeld – *complicated*

1. Lees die paragraaf en beantwoord dan die vrae wat volg.

Die **wals** was een van die gewildste sosiale danse. Die *Weense wals* het ’n ¾-tydmaat. ’n Paartjie dans op ’n lewendige manier al in die rondte. Die **flamenco** is ’n dans uit Spanje. Dit word saam met liedere en handeklap gedans. Die dansers stamp die ritme met hul voete terwyl kitare ook speel. Die **masurka** kom uit Pole. Aan die begin het hulle ook gesing by hierdie dans, maar die passies het te ingewikkeld geraak. Jy maak spronge terwyl jou hakskene teen mekaar klap. Die **menuet** was oorspronklik ’n volksdans uit Frankryk. Dit het een van die belangrikste baldanse geword. Die treetjies is baie klein en die dansers maak baie buigings.

1.1 Skryf die volgende sinne oor in die teenwoordige tyd.

a) Die wals was een van die gewildste sosiale danse.

________________________________________

b) Aan die begin het hulle ook gesing.

________________________________________

c) Die passies het te ingewikkeld geraak.

________________________________________

d) Die menuet was ’n volksdans.

________________________________________

e) Dit het een van die belangrikste baldanse geword.

________________________________________


© Oxford University Press Southern Africa

1.2 Skryf die volgende sinne eers in die verlede tyd en dan in die toekomende tyd.

a) Die wals is een van die gewildste danse.

Verlede tyd: ______________________________

______________________________

Toekomende tyd: ______________________________

______________________________

b) 'n Paartjie dans al in die rondte.

Verlede tyd: ______________________________

______________________________

Toekomende tyd: ______________________________

______________________________

c) Die masurka kom uit Pole.

Verlede tyd: ______________________________

______________________________

Toekomende tyd: ______________________________

______________________________

d) Die treetjies is baie klein.

Verlede tyd: ______________________________

______________________________

Toekomende tyd: ______________________________

______________________________

e) Die dansers maak baie buigings.

Verlede tyd: ______________________________

______________________________

Toekomende tyd: ______________________________

______________________________

**Wenke**

Wanneer die werkwoord **het** in die V1- posisie is, word dit in die toekomende tyd met **sal** vervang, en **hê** word in die V2-posisie geplaas, bv. Tumi **het** dansskoene. Tumi **sal** dansskoene **hê**.

© Oxford University Press Southern Africa